
AFRIKAANS

GRATIS

# ANTWOORDGIDS

## Die draakprinse

Onderrigmateriaal deur Anneke Butler en Corné Erasmus




HUISTAAL
NKABV GOEDGEKEUR
GRAAD 7

OXFORD letterkunde vir suider-afrika

# ANTWOORDGIDS

# Die draakprinse

Graad 7 Huistaal

Anneke Butler
Corné Erasmus

OXFORD
UNIVERSITY PRESS
SOUTHERN AFRICA

OXFORD
UNIVERSITY PRESS
SOUTHERN AFRICA

Oxford University Press Southern Africa (Edms.) Bpk.

Vasco Boulevard, Goodwood, Kaapstad, Republiek van Suid-Afrika
Posbus 12119, N1-stad, 7463, Kaapstad, Republiek van Suid-Afrika

Oxford University Press Southern Africa (Edms.) Bpk. is ’n filiaal van
Oxford University Press, Great Clarendonstraat, Oxford OX2 6DP.

Die Press, ’n departement van die Universiteit van Oxford, bevorder die Universiteit se doelwit van voortreflikheid in navorsing, vakkundigheid en onderrig deur wêreldwyd te publiseer in

Oxford New York

Auckland Dar es Salaam Hongkong Kaapstad Karatsji
Koeala Loempoer Madrid Melbourne Mexikostad Nairobi
Nieu-Delhi Shanghai Taipei Toronto

Met kantore in

Argentinië Brasilië Chili Frankryk Griekeland Guatemala Hongarye
Italië Japan Die Oekraïne Oostenryk Pole Portugal Singapoer Suid-Korea
Switserland Tsjeggiese Republiek Turkye Viëtnam

Oxford is ’n geregistreerde handelsmerk van Oxford University Press
in die Verenigde Koninkryk en sekere ander lande.

Gepubliseer in Suid-Afrika
deur Oxford University Press Southern Africa (Edms.) Bpk., Kaapstad

**Die draakprinse Antwoordgids**
978 0 199 05687 3

© Oxford University Press Southern Africa (Edms.) Bpk. 2013

Die morele regte van die skrywers word gehandhaaf.
Databasisregte Oxford University Press Southern Africa (Edms.) Bpk. (skepper)

Eerste uitgawe 2013

Alle regte voorbehou. Geen gedeelte van hierdie publikasie mag sonder dat skriftelike verlof vooraf van Oxford University Press Southern Africa (Edms.) Bpk. verkry is, gereproduseer of in ’n stelsel vir inligtingsbewaring geberg word of op enige wyse weergegee word nie, tensy soos uitdruklik deur die wet toegelaat, of kragtens ooreenkoms met die geskikte organisasie vir reprografikaregte. Rig enige navrae ten opsigte van reproduksie benewens bogenoemde aan
Oxford University Press Southern Africa (Edms.) Bpk., by die adres bo.

Hierdie boek mag nie in enige ander gebonde vorm of met enige ander omslag gesirkuleer word nie, en dieselfde voorwaarde moet op enige aanskaffer geplaas word.

Uitgewer: Rudi MR Venter
Besturende redakteur: Zanri Kritzinger
Redakteur: Kobus Geldenhuys & Haidee Kruger
Omslagontwerper: Samantha Rowles & Judith Cross
Omslagillustreerder: Yvonne Robinson

Geset in 10.5 pt op 11 pt Times New Roman deur Zanri Kritzinger

# Inhoud

**Voorgestelde antwoorde vir aktiwiteite** (per hoofstuk)

Hoofstuk 1: ’n Fles van albaster ............................ 1

Hoofstuk 2: ’n Grot by Ugar ................................ 4

Hoofstuk 3: Die kruiegeneser ................................ 6

Hoofstuk 4: Die man met die mantel ..................... 8

Hoofstuk 5: ’n Gewonde vlugteling ...................... 10

Hoofstuk 6: Die mandolienspeler .......................... 13

Hoofstuk 7: ’n Waterbobbejaan se kreet ............... 15

Hoofstuk 8: ’n Donker spelonk ............................. 17

Hoofstuk 9: Die bloedwolf .................................... 19

Hoofstuk 10: ’n Kamer vol skatte.......................... 22

Hoofstuk 11: Die heksevrou .................................. 24

**Assesseringsriglyne vir kontekstuele vrae**

Voorgestelde antwoorde vir
Formele assessering 1 ............................................ 27

**Assesseringsriglyne vir langvrae**

Instruksies en wenke.............................................. 28

Kontrolelys .......................................................... 29

Rubriek vir assessering van langvraag .................. 29

Voorgestelde antwoorde vir
Formele assessering 2 ............................................ 32

# Voorgestelde antwoorde vir aktiwiteite

Gebruik die voorgestelde antwoorde in hierdie afdeling as memorandum vir die aktiwiteite om leerders te assesseer. Die antwoorde is per hoofstuk en volgens die leesproses (pre-lees, tydens lees en post-lees) georganiseer. Die antwoorde dien as riglyn vir assessering. Laat altyd ruimte vir leerders se eie interpretasie toe en moedig leerders aan om self die teks te interpreteer en hul antwoorde uit die teks te motiveer.

# Hoofstuk 1: ’n Fles van albaster

**Pre-lees:** Lei leerders tydens die klasgesprek om by te dra tot sinvolle insette. Gebruik die volgende as riglyn.

- Die titel van hierdie verhaal klink soos ’n fantasieverhaal en die titel van die hoofstuk bevestig hierdie idee.
- Die illustrasie op bladsy 1 sluit goed aan by die idee van ’n fantasieverhaal deurdat die karakters se kleredrag by ’n fantasieverhaal pas, die deel van die gebou wat ons in die agtergrond sien aan ’n kasteel herinner en die een karakter ’n pragtige versierde houer aan ’n ander karakter gee.
- In ’n fantasieverhaal verwag jy die karakters en gebeure is anders as in die werklikheid.

**Tydens lees:** Lei leerders om die hoofstuk onafhanklik te lees. Vra hulle om die woordverklarings op elke bladsy te gebruik om nuwe woorde te verstaan en laat hulle ander woorde wat hulle nie ken nie in ’n woordeboek naslaan. Moedig leerders aan om die teorie oor letterkundige aspekte van die novelle (in die afdeling oor boustene) toe te pas deur die kantaantekeninge te bestudeer nadat hulle die hoofstuk gelees het en om die vrae tydens post-lees te begin beantwoord. Dit is belangrik dat leerders eers self probeer en daarna

kan hulle antwoorde geassesseer word deur die onderwyser, binne groepverband of deur selfassessering.

**Post-lees:** Gebruik die volgende moontlike antwoorde op die vrae om leerders se begrip van die novelle en die letterkundige aspekte te toets. Moedig leerders aan om ook hulle eie interpretasie te gee en dit uit die teks te motiveer.

1 Die verteller in hierdie verhaal is ’n alomteenwoordige of derdepersoonsverteller.

2 a Silas soek aan die begin van die verhaal na ’n ring.
b Sy stem is laag, want alhoewel hy die dienskneg dreig, wil hy dit ook sag en geheimsinnig hou sodat niemand hoor wat hy in die mou voer nie.

3 Silas is die oudste broer.

4 a Kalem is ’n dienskneg.
b Kalem se hande is gevou.
Kalem se kop is geboë.
c Hy stotter, want hy is bang.

5 Die bloedwolf se naam is Cautor.

6 Nadat hulle pa dood is, het Silas se buie al swarter geword. Silas het ook al meer ongeduldig geword.

7 a Kalem noem vir Brenin “Prins”.
b Silas (Brenin se broer) is die ander prins.

8 a Brenin kyk in sy dienskneg se oë, want hy ken Kalem goed en weet iets is verkeerd. Hy soek antwoorde in Kalem se oë.

b Kalem laat sak sy ooglede, want hy is onderdanig en voel skuldig.

9 Ja, Brenin vermoed die glas heuningmelk is verdag, want hy het nie daarvoor gevra nie. Nog verdere redes sluit in:
- Hy dink aan Silas se gesprek met Kalem.
- Hy wonder wat in die fles was.
- Hy drink nie daaraan as Kalem vir hom vra of dit nog warm genoeg is nie, maar voel net met sy hande.
- Die heuningmelk ruik na biteramandels – ’n reuk wat dikwels met gif geassosieer word.

10 Brenin kan nie dink Kalem is deel van ’n komplot teen hom nie, want hy is vir soveel jare al sy getroue dienskneg.

11 Brenin se stem is hees toe hy Kalem groet, want hy voel emosioneel: is hartseer en teleurgesteld.

12 Brenin kyk na die skilderye van sy pa en sy ouma.
- Die skildery van hulle pa: pikswart hare en laggende blou oë.
- Die skildery van sy ouma (grootmoeder): vriendelike oë.

13 Brenin kry sy mantel en leerstewels en neem die volgende saam wanneer hy vlug: botterbrood, ’n paar hande vol gedroogde witpere en twee vetkerse.

14 Woorde wat ’n fantasie-agtergrond van plekke en tye van lank gelede skep, is onder andere: ring; Turlog; klipmuur; olielamp; hemelbed; fakkel; klipvloer; robyne; otterpels; bloedwolf; dienskneg; jurk; smaragring; vuurstokkies;

heuningmelk; bitteramandels; mantel; mandolien; leerstewels; botterbrood; houttrommel; vetkerse.

## Hoofstuk 2: ’n Grot by Ugar

**Pre-lees:** Lei leerders tydens die klasgesprek om by te dra tot sinvolle insette. Gebruik die volgende as riglyn.

- ’n Grot pas goed by ’n fantasieverhaal – dit is die plek waar jy veilig voel as jy reis of vlug. Die naam van die plek, Ugar, klink soos ’n plek in ’n fantasieverhaal.
- Jy weet dat Brenin vlug. Ons kan dus verwag dat Brenin en sy perd by die grot by Ugar gaan rus.
- In die illustrasie lyk dit of Brenin met ’n maandraak praat voor hy van die kasteel af wegvlug.

**Tydens lees:** Lei leerders om die hoofstuk onafhanklik te lees. Vra hulle om die woordverklarings op elke bladsy te gebruik om nuwe woorde te verstaan en laat hulle ander woorde wat hulle nie ken nie in ’n woordeboek naslaan. Moedig leerders aan om die teorie oor letterkundige aspekte van die novelle (in die afdeling oor boustene) toe te pas deur die kantaantekeninge te bestudeer nadat hulle die hoofstuk gelees het en om die vrae tydens post-lees te begin beantwoord. Dit is belangrik dat leerders eers self probeer en daarna kan hulle antwoorde geassesseer word deur die onderwyser, binne groepverband of deur selfassessering.

**Post-lees:** Gebruik die volgende moontlike antwoorde op die vrae om leerders se begrip van die novelle en die letterkundige aspekte te toets. Moedig leerders aan om ook hulle eie interpretasie te gee en dit uit die teks te motiveer.

1 Voor Brenin finaal vlug, groet hy eers vir Rator.

2 Brenin ken die maandraak Rator die beste.

3 Daar is ’n dik blougroen vlies wat oor sy een oog vou.

4 Silas sien hoe Brenin wegvlug. Die sin wat dit vir ons sê, is: “Hy is onbewus van die grys oë vol haat wat vanuit ’n donker venster in die hoogste toring in sy rug boor.”

5 a Ultan is moeg, want wit slierte spoeg vlieg uit sy bek. Brenin moet sy perd aanmoedig om aan te hou.
b Hulle is op pad na ’n klein dorpie, Ugar.
c Brenin is moeg en moedeloos.

6 Brenin kom op ’n grot af.

7 Brenin gee vir Ultan ’n paar droë witpere as beloning.

8 Wanneer hy probeer slaap, luister Brenin na die getjank van ’n koperjakkals.

9 Die gekap van Ultan se hoef op die grotvloer maak Brenin wakker.

10 Eienaam en beskrywing:
10.1 F
10.2 H
10.3 E
10.4 D
10.5 G
10.6 C
10.7 B
10.8 A

# Hoofstuk 3: Die kruiegeneser

**Pre-lees:** Lei leerders tydens die klasgesprek om by te dra tot sinvolle insette. Gebruik die volgende as riglyn.

- Brenin vlug van Silas af weg, en Silas het Brenin sien vlug.
- Ons weet dat Brenin en sy moeë perd, Ultan, in die grot gaan rus het. As daar nog ’n figuur in die grot verskyn, weet ons dat dit Silas is wat gesien het hoe Brenin vlug.
- As die titel van die hoofstuk na ’n kruiegeneser verwys, kan mens verwag iemand gaan seerkry en dan genees word. Die kans is goed dat dit Brenin gaan wees wat seer gaan kry as ons in gedagte hou dat Silas hom agterna gesit het en sy oog op Brenin se ring het.

**Tydens lees:** Lei leerders om die hoofstuk onafhanklik te lees. Vra hulle om die woordverklarings op elke bladsy te gebruik om nuwe woorde te verstaan en laat hulle ander woorde wat hulle nie ken nie in ’n woordeboek naslaan. Moedig leerders aan om die teorie oor letterkundige aspekte van die novelle (in die afdeling oor boustene) toe te pas deur die kantaantekeninge te bestudeer nadat hulle die hoofstuk gelees het en om die vrae tydens post-lees te begin beantwoord. Dit is belangrik dat leerders eers self probeer en daarna kan hulle antwoorde geassesseer word deur die onderwyser, binne groepverband of deur selfassessering.

**Post-lees:** Gebruik die volgende moontlike antwoorde op die vrae om leerders se begrip van die novelle en die letterkundige aspekte te toets. Moedig leerders aan om ook hulle eie interpretasie te gee en dit uit die teks te motiveer.

1 a Silas wil vir Brenin doodmaak.
  b Hy het ’n mes met ’n lang lem in sy hand.

2 Brenin is twaalf jaar oud.

3 Silas wil Brenin se ring hê.

4 Die prinse se pa het Brenin die ring laat erf.

5 ’n Mens weet die seun wat versorg word, is Brenin, want:

- Hy het ’n verband om sy keel en ons het gelees dat Silas sy keel gesny het.
- Hy het ’n ring aan sy vinger.

6 Brenin voel ’n karos teen sy ken, ’n linneverband om sy keel en ’n ring aan sy vinger.
Brenin sien ’n strooidak met vierkantige patrone en hy sien ’n vrou met groenbruin oë, krullerige swart hare en ’n bruin jurk met ’n leergordel.

7 Brenin weet nie wie hy is of waar hy is nie. Hy ly moontlik aan geheueverlies.

8 a Miriam is die kruiegeneser.
b Sy versorg Brenin al vir vyf ligdae.

9 Miriam se dogter, Sabriena, het Brenin in die grot ontdek.

10 Die enigste ding wat Brenin onthou, is sy naam.

11 Silas het nie die ring by Brenin gevat nie, want hy kon dit nie afkry nie.

12 Ja, die ring het dalk towerkragte of magiese kragte omdat Silas nie die ring kon afkry nie.

13 Hoewel dit nie direk gesê word nie, lei ons af dat Lira, Karon se dogter, deur ’n maandraak gevang is.

14 Sabriena jag wolhase met ’n pyl en boog.

15

| Sabriena | Ciska |
|---|---|
| Jurk sag teen haar bruin bene | Sagte wit jurk |
| Leersandale | Goue sandale |
| Mes swaai aan haar breë gordel, jag wolhase met pyl en boog | Huislike tipe wat nie in jag belangstel nie |
| Donkerblou oë, roesbruin vlegsel, oulike bruin sproete oor haar wipneus | Stem so fyn soos klokkies, blonde hare, beeldskoon |
| Vermakerig | Sagte hande met skulpkleurige naels |
| Seunsagtig – gooi alles op die tafel | |

## Hoofstuk 4: Die man met die mantel

**Pre-lees:** Lei leerders tydens die klasgesprek om by te dra tot sinvolle insette. Gebruik die volgende as riglyn.

- Al wat jy tot dusver van ’n mantel gelees het, is dat Brenin met ’n mantel om hom gevlug het.
- ’n Mens kan verwag dat die geheimsinnige man met die mantel iemand van Turlog kan wees. Dit is onwaarskynlik dat dit Silas self sal wees, maar dit kan moontlik iemand anders wees wat Silas gestuur het. Mens sal moet verder lees om uit te vind wie hierdie man werklik is.
- In die illustrasie lyk dit of iemand op ’n perd van Brenin en Sabriena af wegjaag.

**Tydens lees:** Lei leerders om die hoofstuk onafhanklik te lees. Vra hulle om die woordverklarings op elke bladsy te gebruik om nuwe woorde te verstaan en laat hulle ander woorde wat hulle nie ken nie in ’n woordeboek naslaan. Moedig leerders aan om die teorie oor letterkundige aspekte van die novelle (in die afdeling oor boustene) toe te pas deur die kantaantekeninge te bestudeer nadat hulle die hoofstuk gelees het en om die vrae tydens post-lees te begin beantwoord. Dit is belangrik dat leerders eers self probeer en daarna kan hulle antwoorde geassesseer word deur die onderwyser, binne groepverband of deur selfassessering.

**Post-lees:** Gebruik die volgende moontlike antwoorde op die vrae om leerders se begrip van die novelle en die letterkundige aspekte te toets. Moedig leerders aan om ook hulle eie interpretasie te gee en dit uit die teks te motiveer.

1 Die skimmelperd (Ultan) herken vir Brenin, want hy runnik saggies toe die seun by die stal instap.

2 Brenin pluk sy linnehemp reg toe hy Ciska buite hoor roep en hy stap dadelik uit.

3 Ciska ruik na narsings (na geurige blomme).

4 a ’n Lys van alles wat by die mark te koop is: steendruiwe, suikerappels, sandkastaiings, swamkase, beerhamme, oliekoeke, bosbessiewyn en soutwors.

b Hierdie produkte ondersteun die fantasie-atmosfeer, want dit is vreemde kos wat ekstra spesiaal klink (niks is net gewone kostipes nie) soos dit net in fantasieverhale kan.

5 (C) Sabriena het mark toe gegaan om ... haar wolhase te verkoop.

6 Sabriena ken die slagter goed, want sy noem hom op sy naam.

7 Die man met die mantel lyk geheimsinnig, want ’n hoed is laag oor sy voorkop getrek en ’n goudbruin mantel val oor sy perd se rug. ’n Mens kan dus nie goed sien hoe hy lyk nie.

8 Die ruiter het ’n spits ken en skerp oë.

9 Brenin kan nie met ’n pyl en ’n boog skiet nie, want hy is ’n prins, so dit was nooit vir hom nodig om te jag nie.

10 Brenin se determinasie (vasberadenheid) word duidelik in die aksenttekens op “gáán”.

11 “Die vure brand al” beteken dit is al laat en dit gaan binnekort donker wees.

12a Die maandraak vang vir Sabriena.
b Wanneer Brenin vir Sabriena red, sien ons dat hy dapper en selfversekerd is.
c Miskien het die maandraak vir Sabriena gelos toe hy Brenin herken het.

## Hoofstuk 5: ’n Gewonde vlugteling

**Pre-lees:** Lei leerders tydens die klasgesprek om by te dra tot sinvolle insette. Gebruik die volgende as riglyn.

- Vroeër in die verhaal het ons gelees van nóg ’n meisie wat weggeraak het: Lira, Karon se dogter. Ons kan aflei ander meisies het ook al weggeraak. En later het ons gelees dat die maandraak vir Sabriena wou vang.

- Lei die klasgesprek om hieraan te dink en aan die moontlikheid te dink dat een van die meisies dalk ontsnap het. In pre-lees bly alle voorspellings bloot bespiegelings. Lê klem daarop dat mens die verhaal moet lees om uit te vind wat werklik gebeur.

**Tydens lees:** Lei leerders om die hoofstuk onafhanklik te lees. Vra hulle om die woordverklarings op elke bladsy te gebruik om nuwe woorde te verstaan en laat hulle ander woorde wat hulle nie ken nie in ’n woordeboek naslaan. Moedig leerders aan om die teorie oor letterkundige aspekte van die novelle (in die afdeling oor boustene) toe te pas deur die kantaantekeninge te bestudeer nadat hulle die hoofstuk gelees het en om die vrae tydens post-lees te begin beantwoord. Dit is belangrik dat leerders eers self probeer en daarna kan hulle antwoorde geassesseer word deur die onderwyser, binne groepverband of deur selfassessering.

**Post-lees:** Gebruik die volgende moontlike antwoorde op die vrae om leerders se begrip van die novelle en die letterkundige aspekte te toets. Moedig leerders aan om ook hulle eie interpretasie te gee en dit uit die teks te motiveer.

1 Die Brons Boshaan is moontlik ’n kroeg of ’n drink- of kuierplek. Twee woorde uit die teks wat hierdie interpretasie ondersteun is “houttafels” en “koperbekers”.

2 a Die maandraak se asem het na vrot goorslakke geruik en hy het ’n vlies oor sy een oog gehad.
b Dit laat ’n mens vermoed dit kan Rator wees.

3 a ’n Maandraak het vir Lira gevang.
b Sy is toe na Turlog geneem.
c Sy is so maer omdat sy daar net oliebossop gekry het om te drink.

d Die een wat die meisies met ’n sweep slaan, is ’n jong man, heel waarskynlik Silas.

e Lira het dit reggekry om te ontsnap deur onder een van die ander meisies se lyk weg te kruip.

4 Brenin dink die persoon wat die meisies so martel, is ’n monster. Aan die ander kant weet hy ook hoe saggeaard ’n maandraak kan wees.

5 Hierdie sin sê vir ons Brenin weet dalk die smaragring kan hulle red van Silas. Onbewustelik weet hy moontlik die ring het sekere kragte.

6 a Brenin sien Sabriena het verdwyn.

b Hy groet Ciska dadelik en loop buitentoe om Sabriena te soek.

c Sabriena sê sy is moeg vir die “mooie Ciska” en Brenin moet haar uitlos.

d Sabriena hou baie van Brenin en is jaloers op haar vriendin, Ciska.

7 a Die sin wat suggereer dat iemand vir Brenin dophou, is: “As hy maar gesien het hoe kyk die man met die groot hoed en skerp oë hom vanuit ’n donker hoek agterna.”

b Die groot hoed wat die man dra, maak hom geheimsinnig.

8 Lira, wat weggeraak het, is die gewonde vlugteling in hierdie hoofstuk.

# Hoofstuk 6: Die mandolienspeler

**Pre-lees:** Lei leerders tydens die klasgesprek om by te dra tot sinvolle insette. Gebruik die volgende as riglyn.

- Kyk na voetnota 11 op bl. 3 en maak seker jy weet wat ’n mandolien is.
- Jy het alreeds in die verhaal verskillende verwysings na mandolien gelees.
- Op bl. 3 het daar ’n mandolien teen Brenin se kasdeur gestaan toe hy reggemaak het om te vlug. Die mandolien het omgeval.
- Op bl. 14 was daar ook mandolienklanke by die mark.
- Dit is Brenin wat in die illustrasie op die mandolien speel.

**Tydens lees:** Lei leerders om die hoofstuk onafhanklik te lees. Vra hulle om die woordverklarings op elke bladsy te gebruik om nuwe woorde te verstaan en laat hulle ander woorde wat hulle nie ken nie in ’n woordeboek naslaan. Moedig leerders aan om die teorie oor letterkundige aspekte van die novelle (in die afdeling oor boustene) toe te pas deur die kantaantekeninge te bestudeer nadat hulle die hoofstuk gelees het en om die vrae tydens post-lees te begin beantwoord. Dit is belangrik dat leerders eers self probeer en daarna kan hulle antwoorde geassesseer word deur die onderwyser, binne groepverband of deur selfassessering.

**Post-lees:** Gebruik die volgende moontlike antwoorde op die vrae om leerders se begrip van die novelle en die letterkundige aspekte te toets. Moedig leerders aan om ook hulle eie interpretasie te gee en dit uit die teks te motiveer.

1 Die verhouding tussen Brenin en Sabriena is weer normaal, want hulle terg mekaar en daag mekaar uit.

2 a Aralia bly in haar hut aan die rand van die grootwoud.
b Brenin en Sabriena wil uiewortels vir Lira se wonde by haar kry.
c Wanneer hulle daar aankom, hoor hulle iemand speel op ’n mandolien.

3 Brenin kyk af, wat wys hy is skaam omdat hy nie kan onthou wie hy is nie.

4 Brenin sien ’n mandolien in die hut. Hy sien ook ’n slaapbank, en ’n kookpot oor ’n vuurherd. Oral op die tafel is houers met sade, kruie en salwe.

5 “streel”.

6 Brenin se vingers kry lewe wanneer hy die mandolien streel. In teenstelling daarmee was sy arms lam en sy vingers het gebewe toe hy die pyl en boog vasgehou het.

7 Twee bewyse dat Brenin goed mandolien speel, is:
- Die klank wat hy voortbring is helder.
- Hy maak sy oë toe en speel al hoe vinniger.

8 Aralia doen wat nie Silas of Brenin sover kon regkry nie; sy trek die ring van Brenin se vinger af.

9 Dit beteken waarskynlik sy het magiese kragte wat die ander nie het nie.

10 Die stem in Brenin se binneste kan iets uit die verlede wees, wat hy nou nie meer onthou nie. Dit kan dus sy geheue wees wat hy verloor het.

11 Die stem wil waarskynlik vir hom sê dat hy Aralia ken en moet weet wie sy is.

12a Hanro, die seuntjie, moes vir Brenin iets van die man met die mantel gee.
b Dit is 'n houtkissie.
c Brenin het geskrik en gegil.

13 Lei 'n klasgesprek oor die volgende: Beteken dit enigiets dat Aralia en Brenin albei goed mandolien speel? Of is dit blote toeval? Dit is heel waarskynlik nie toeval nie. Iets aan die mandolien bind hulle aan mekaar en die feit dat Aralia so maklik Brenin se ring kon afhaal, versterk die moontlikheid dat daar 'n band tussen hulle is. Aan die begin van die hoofstuk het ons ook gelees van haar blou oë en al hierdie leidrade kan saam die moontlikheid ondersteun dat Aralia dalk Brenin se ouma is. As ons vir seker wil weet wie sy is, sal ons die verhaal verder moet lees.

## Hoofstuk 7: 'n Waterbobbejaan se kreet

**Pre-lees:** Lei leerders tydens die klasgesprek om by te dra tot sinvolle insette. Gebruik die volgende as riglyn.

- Die vorige hoofstuk het geëindig met 'n gil. Hierdie hoofstuk se titel suggereer nóg 'n kreet.
- Alhoewel die titel niks van die hoofstuk weggee nie, hou dit die spanning hoog en boei dit jou as leser.

**Tydens lees:** Lei leerders om die hoofstuk onafhanklik te lees. Vra hulle om die woordverklarings op elke bladsy te gebruik om nuwe woorde te verstaan en laat hulle ander woorde wat hulle nie ken nie in 'n woordeboek naslaan. Moedig leerders aan om die teorie oor letterkundige aspekte

van die novelle (in die afdeling oor boustene) toe te pas deur die kantaantekeninge te bestudeer nadat hulle die hoofstuk gelees het en om die vrae tydens post-lees te begin beantwoord. Dit is belangrik dat leerders eers self probeer en daarna kan hulle antwoorde geassesseer word deur die onderwyser, binne groepverband of deur selfassessering.

**Post-lees:** Gebruik die volgende moontlike antwoorde op die vrae om leerders se begrip van die novelle en die letterkundige aspekte te toets. Moedig leerders aan om ook hulle eie interpretasie te gee en dit uit die teks te motiveer.

1 Daar is ’n doodsadder in die kissie.

2 Sabriena skiet die slang met een van haar pyle en red so Brenin van die slang wat gereed is om hom te pik.

3 Sabriena sê vir Brenin hy moet doodstil staan.

4 Brenin besef met ’n skok hy ken die man met die mantel. Dit is Kalem, sy dienskneg.

5 a Miriam verbied hom om alleen na Turlog te gaan.
b Volgens Miriam beplan die Raad van Oues om hulle krygers soontoe te stuur en die meisies te bevry.

6 Nee, Miriam weet nie dat hulle Turlog toe gegaan het nie. Die sin wat dit vir ons sê is: “Miriam gaan môreoggend woedend wees as sy agterkom ons is weg.”

7 a Sabriena dink hulle gaan die meisies in Turlog red.
b Maar Brenin wil eers vir Silas in die hande kry.

8 Nee, Sabriena weet nog nie wie Brenin regtig is nie.

9 (B) “Sabriena se gil versplinter in die naglug” beteken die perd het weggehol en hy kan haar gille nie meer hoor nie.

## Hoofstuk 8: ’n Donker spelonk

**Pre-lees:** Lei leerders tydens die klasgesprek om by te dra tot sinvolle insette. Gebruik die volgende as riglyn.

- ’n Spelonk is ’n grot. Hierdie spelonk is donker en dit skep spanning.
- Volgens die illustrasie in die hoofstuk lyk dit of Brenin en Sabriena afgekom het op die meisies wat so gemartel word.

**Tydens lees:** Lei leerders om die hoofstuk onafhanklik te lees. Vra hulle om die woordverklarings op elke bladsy te gebruik om nuwe woorde te verstaan en laat hulle ander woorde wat hulle nie ken nie in ’n woordeboek naslaan. Moedig leerders aan om die teorie oor letterkundige aspekte van die novelle (in die afdeling oor boustene) toe te pas deur die kantaantekeninge te bestudeer nadat hulle die hoofstuk gelees het en om die vrae tydens post-lees te begin beantwoord. Dit is belangrik dat leerders eers self probeer en daarna kan hulle antwoorde geassesseer word deur die onderwyser, binne groepverband of deur selfassessering.

**Post-lees:** Gebruik die volgende moontlike antwoorde op die vrae om leerders se begrip van die novelle en die letterkundige aspekte te toets. Moedig leerders aan om ook hulle eie interpretasie te gee en dit uit die teks te motiveer.

1 a Sabriena sê: “Dis so koud...”

b Haar handeling wat wys dat sy koud kry is dat sy haar arms om haar vou en dat haar tande klap.

2 Brenin vermoed die meisies is in die Spelonk van die Dooies.

3 Brenin het nooit van die meisies geweet terwyl hy in Turlog was nie, want Silas het hulle in die spelonk weggesteek.

4 Silas het Rator se een oog met ’n mes uitgesny toe hy nog ’n klein drakie was.

5 Silas vang en martel die jong meisies, want hy kan hulle trane in edelstene verander.

6 Sabriena se dialoog wys sy is besig om haar bewussyn te verloor, want sy praat nie samehangend (logies) nie (die ellips ondersteun dit) en sy sê sy wil net slaap.

7 Nee, Brenin was nie voorheen bewus van die ring se towerkrag nie, want hy kan dit nie glo wanneer daar hitte uit die ring kom nie.

8 a ’n Voorbeeld van onomatopee is: “swiep”.
b Drie woorde wat die gespanne atmosfeer ondersteun, is: “gryp” en “skerp kloue”.

9 Brenin verstar in sy spore, want hy kan nie glo Silas is so wreed nie.

10 Die eerste meisie wat Brenin-hulle sien, is bang, want sy dink dit is dalk Silas wat hulle weer kom martel. Die meisie kon nie sien wie dit was wat aankom nie.

11 ’n Mens weet dit is Kalem wat inkom, want die persoon dra ’n goudbruin mantel.

12 Kalem skuif ’n rotsblok in die muur weg.
Hy haal ’n kopersleutel uit.
Hy gee die sleutel vir Brenin.
Hy gee vir Brenin ’n albasterfles.

13a Die woorde “bewerige hand” wys vir ons Kalem is bang.
b Ons weet Kalem is skaam, want sy oë ontwyk Brenin s’n.

14 Die meisies strompel en sukkel om te loop, want hulle is swak en ondervoed.

15 Lei ’n klasgesprek oor die laaste paragraaf van die hoofstuk wat begin met: “Agter hulle word die lug swart.”
Verduidelik hoe hierdie sin simbolies kan wees van die bose wat in hierdie stadium besig is om die goeie te oorwin.
’n Tema in hierdie verhaal is die stryd tussen die bose en die goeie.
Die bose word vergestalt deur Silas.
Die goeie word vergestalt deur Brenin (en Sabriena).
Met die redding van die meisies wil-wil dit voorkom asof die goeie besig is om die bose te oorwin.
Wanneer die lug agter hulle swart word, kry mens die gevoel dat die bose steeds die oorhand in die stryd het.

## Hoofstuk 9: Die bloedwolf

**Pre-lees:** Lei leerders tydens die klasgesprek om by te dra tot sinvolle insette. Gebruik die volgende as riglyn.

- Die bloedwolf was vroeër soos ’n troeteldier by Silas in die kamer.
- Hierdie hoofstuktitel voorspel niks goed nie.

- Dit lyk in die illustrasie of die bloedwolf op Brenin en Sabriena afstorm en of Brenin met Sabriena se pyl en boog na hom mik.

**Tydens lees:** Lei leerders om die hoofstuk onafhanklik te lees. Vra hulle om die woordverklarings op elke bladsy te gebruik om nuwe woorde te verstaan en laat hulle ander woorde wat hulle nie ken nie in ’n woordeboek naslaan. Moedig leerders aan om die teorie oor letterkundige aspekte van die novelle (in die afdeling oor boustene) toe te pas deur die kantaantekeninge te bestudeer nadat hulle die hoofstuk gelees het en om die vrae tydens post-lees te begin beantwoord. Dit is belangrik dat leerders eers self probeer en daarna kan hulle antwoorde geassesseer word deur die onderwyser, binne groepverband of deur selfassessering.

**Post-lees:** Gebruik die volgende moontlike antwoorde op die vrae om leerders se begrip van die novelle en die letterkundige aspekte te toets. Moedig leerders aan om ook hulle eie interpretasie te gee en dit uit die teks te motiveer.

1 Die konflik en spanning bereik ’n hoogtepunt wanneer die maandraak die meisies aanval.

2 Brenin besef as Silas die maandrake kan opdrag gee om die meisies aan te val, behoort hy die maandrake opdrag te kan gee om te stop.

3 Die woorde wat Brenin gebruik om met die maandrake te praat is in skuinsdruk, want dit is vreemde toorwoorde.

4 a Brenin tree sterker na vore om die bose aan te vat.
- Hy stap op die draak af.
- Hy kyk die draak in die oë.

- Hy beveel die draak om terug te trek.
- Hy lig sy arms op en sy oê blits.

b Die gevolg hiervan is dat die maandrake hulle aanval staak en vlug.

5 Brenin weet Silas sal hulle nie vanaand in die houthut kry nie, want hy bly in sy kamer wanneer dit volmaan is.

6 Kalem was aan die begin swak teen Silas se slegte invloed. Hy het egter sterker geword en die bose teëgestaan. Brenin glo hy sal die meisies help om veilig na Ugar terug te keer.

7 a Brenin se ma en ouma het albei weggegaan van Turlog af.
b Sabriena se pa het verdrink toe sy vyf jaar oud was.

8 Brenin vertel vir Sabriena dat sy lekker ruik. Sy bloos.

9 Silas stuur Cautor, sy bloedwolf, in sy plek om Brenin te volg.

10a Brenin vra Sabriena moet haar pyl en boog vir hom gee.
b Sabriena dink die bloedwolf is te groot om met die pyl te skiet.
c Brenin onthou van die albasterfles en doop die pyl se punt in die gif.

11 Die bloedwolf se aanval in vyf stappe:
- Hy spring oor die trappe en land op die stoep.
- Sy lyf vul die hut se deur.
- Sy lippe trek terug oor sy tande.
- Hy sak laag af op sy pote.
- Die wolf spring.

12 Sabriena is verbaas dat die wolf so gou neerval en dat die gif so sterk is.

13 Lei 'n klasgesprek oor die stryd tussen die bose en die goeie. Wie het nou die oorhand in die verhaal? Hersien weer ons notas by die klasgesprek aan die einde van die vorige hoofstuk. Dit lyk tog of die goeie besig is om die oorhand oor die bose te kry.

## Hoofstuk 10: 'n Kamer vol skatte

**Pre-lees:** Lei leerders tydens die klasgesprek om by te dra tot sinvolle insette. Gebruik die volgende as riglyn.

- Hierdie kamer kan net iewers in die kasteel wees.
- Jy het al gelees dat Silas trane in edelstene kan verander.
- As die titel van die hoofstuk verwys na 'n kamer vol skatte en ons weet dat Silas trane in edelstene kan verander, kan ons verwag dat Brenin en Sabriena dalk op die skatte kan afkom. Ons kan ook verwag dat ons kan lees watter skate / edelstene daar is.

**Tydens lees:** Lei leerders om die hoofstuk onafhanklik te lees. Vra hulle om die woordverklarings op elke bladsy te gebruik om nuwe woorde te verstaan en laat hulle ander woorde wat hulle nie ken nie in 'n woordeboek naslaan. Moedig leerders aan om die teorie oor letterkundige aspekte van die novelle (in die afdeling oor boustene) toe te pas deur die kantaantekeninge te bestudeer nadat hulle die hoofstuk gelees het en om die vrae tydens post-lees te begin beantwoord. Dit is belangrik dat leerders eers self probeer en daarna kan hulle antwoorde geassesseer word deur die onderwyser, binne groepverband of deur selfassessering.

**Post-lees:** Gebruik die volgende moontlike antwoorde op die vrae om leerders se begrip van die novelle en die letterkundige aspekte te toets. Moedig leerders aan om ook hulle eie interpretasie te gee en dit uit die teks te motiveer.

1 a Brenin val oor ’n ysterring.
b Dit is in werklikheid die handvatsel van ’n houtluik.
c Die luik lei na ’n kamer vol skatte.
d Die ses edelstene wat hulle sien, is robyne, saffiere, diamante, goudopaal, topaas en akwamaryn.

2 Dis is gepas om Silas se stem met ’n ysskerf te vergelyk, want hy is koud, hard en gevaarlik.

3 a Brenin het Silas se skatte gevind.
b Silas het vir Brenin en Sabriena gevind.

4 Brenin wil ontsnap deur die valdeur waarby hulle ingekom het.

5 Silas probeer hulle keer deur ’n mes na hulle te gooi.

6 Brenin se nekhare staan regop wanneer hy sien Silas het vir Sabriena gevang. Silas se arm is om haar nek. Hy het ’n mes in sy hand.

7 Silas verwys na Sabriena se trane as “pragtige trane”, want hy kan dit in edelstene verander.

8 Brenin is buite homself van woede, want sy oë blits.

9 Silas dink Brenin is ’n lafaard.

10 Brenin laat sak sy hand met die ring, want hy weet die vuur sal vir Sabriena ook tref.

11 Hy roep sy maandraak, Rator, om Sabriena uit Silas se greep te red.

12 Die sin wat wys dat Rator Sabriena versigtig opgetel het, is: "Hy lig haar uit Silas se arms asof sy 'n dagoud woudkatjie is."

13 "afgemete treë".

14 "tevergeefs". Die illustrasie wys ook hoe Silas magteloos teen die vlamme is.

15 Brenin onthou die volgende van sy broer om sy daad te regverdig:

- Die hulpelose gekerm van Rator as klein maandrakie toe Silas sy oog uitgesteek het.
- Die karwatshoue wat weergalm.
- Die rou gesnik van die meisies.

16 Silas se laaste en desperate bose plan was om Brenin saam met hom in die vlamme te laat sterf.

17a Nadat Silas in die vlamme verbrand het, daal daar stilte neer.

b Die stilte daal neer soos die skadu's van grysblou draakvlerke.

## Hoofstuk 11: Die heksevrou

**Pre-lees:** Lei leerders tydens die klasgesprek om by te dra tot sinvolle insette. Gebruik die volgende as riglyn.

- In hierdie laaste hoofstuk kan jy verwag om te lees hoe alles aan die einde verloop het.
- Ons noem hierdie deel van die verhaallyn die afloop van die spanningslyn en die ontknoping van die gebeure.
- Die woord "heksevrou" in die titel van die hoofstuk moet nog verklaar word.
- In die illustrasie op bl. 38 praat iemand (Aralia) met Brenin oor sy towerring.
- Die illustrasie op bl. 40 laat 'n mens dink die verhaal het 'n gelukkige einde.

**Tydens lees:** Lei leerders om die hoofstuk onafhanklik te lees. Vra hulle om die woordverklarings op elke bladsy te gebruik om nuwe woorde te verstaan en laat hulle ander woorde wat hulle nie ken nie in 'n woordeboek naslaan. Moedig leerders aan om die teorie oor letterkundige aspekte van die novelle (in die afdeling oor boustene) toe te pas deur die kantaantekeninge te bestudeer nadat hulle die hoofstuk gelees het en om die vrae tydens post-lees te begin beantwoord. Dit is belangrik dat leerders eers self probeer en daarna kan hulle antwoorde geassesseer word deur die onderwyser, binne groepverband of deur selfassessering.

**Post-lees:** Gebruik die volgende moontlike antwoorde op die vrae om leerders se begrip van die novelle en die letterkundige aspekte te toets. Moedig leerders aan om ook hulle eie interpretasie te gee en dit uit die teks te motiveer.

1 Die krygers het die edelstene na Ugar toe geneem. Dit klink asof die gewone mense toe daarvan gekry het.

2 Ciska het 'n armband met robyne by die krygers gekry.

3 Brenin soen Sabriena op haar voorkop.
Sy sit haar arm om sy middel.

4 a Aralia is eintlik Brenin se ouma.
b Brenin se ma was beeldskoon.
c Sy het met Brenin se pa getrou omdat sy Turlog wou hê.
d Sy was eintlik ’n heks.

5 Silas se ma, Rona, het vir hom die mag gegee om trane in edelstene te verander.

6 Aralia het in Ugar beland, want Rona wou haar vergiftig. Toe vlug sy en word ’n kruieverkoper.

7 a Brenin-hulle se pa het die towerring by hulle ma afgevat toe hy besef wie sy regtig is.
b Hy het die ring daarna vir Brenin gegee.
c Die pa het gehoop die ring sou tot Silas se ondergang lei.
d Aralia het die ring jare gelede betower dat niemand dit kan afhaal nie.

8 Die maandrake jag nou horingbokke tussen die peperbosbome rondom Ugar.

9 Kalem verkoop botterbrode op die mark.

10 Ons weet nie regtig wat met Brenin en Sabriena gaan gebeur nie. Daaroor het die verhaal ’n oop einde, maar ons hoop dat Brenin en Sabriena ’n gelukkige lewe saam gaan hê. Hulle het alreeds hulle gevoel vir mekaar duidelik gewys en hulle het al baie saam deurgemaak. Hulle pas ook goed by mekaar omdat hulle albei die goeie nastreef.

11 Lei ’n klasgesprek oor die tema van die verhaal: die stryd tussen die bose en die goeie. Bespreek die verloop van hierdie stryd deur die verhaal. Hersien vorige notas en besprekings hieroor.

# Assesseringsriglyne vir kontekstuele vrae

Behandel die volgende **instruksies** en **wenke** vooraf met leerders. Maak seker dat hulle dit verstaan en kan toepas by die beantwoording van kontekstuele vrae.

- Skryf duidelik en leesbaar.
- Skenk aandag aan taal- en spelfoute.
- Beantwoord AL die vrae.
- Los 'n reël oop tussen elke antwoord.

## Voorgestelde antwoorde vir Formele assessering 1

Die antwoorde hieronder dien as riglyn vir die kontekstuele vrae in Formele assessering 1. Laat altyd ruimte vir leerders se eie interpretasie toe, mits dit uit die teks gemotiveer is.

1 Die verteller in hierdie verhaal is 'n alomteenwoordige of derdepersoonsverteller. (1)

2 Die tema van die verhaal is die stryd tussen die bose en die goeie. (2)

3 a Brenin is op pad na Ugar. (1)
b Brenin wil wegkom van sy wrede broer, Silas. (1)
c Brenin het eers die maandraak, Rator, gaan groet voordat hy weg is. (1)

4 (A) Toe Brenin by Miriam wakker word, het hy ... net sy eie naam onthou. (1)

5 Karakter en beskrywing:

| | | | |
|---|---|---|---|
| 5.1 | E | 5.2 | A |
| 5.3 | D | 5.4 | B |
| 5.5 | F | 5.6 | C |

(6)

6 a Brenin en Sabriena is op pad na Turlog. (1)
b Hulle wil die meisies wat Silas gevang het, gaan soek en red. (1)
c Sabriena se perd se naam is Arabel. (1)
d Die perd het vir ’n waterbobbejaan geskrik. (1)
e Sabriena se handeling wat wys sy kry koud: “Sy vou haar arms om haar nat lyf.” (1)
f Sabriena se dialoog wat wys sy kry koud: “Dis so koud...” (1)
g Brenin se ring het begin gloei en vlammetjies het begin knetter. (1)

**[Groottotaal: 20 punte]**

# Assesseringsriglyne vir langvrae

## Instruksies en wenke

Behandel die volgende instruksies en wenke vooraf met leerders. Maak seker dat hulle dit verstaan en kan toepas by die beantwoording van die langvraag.

- Kies EEN vraag om te beantwoord.
- Beplan eers jou antwoord voor jy die paragraaf skryf.
- Daar moet minstens twee aanhalings wees.
- Let op na korrekte volgorde van gebeure.
- Skryf netjies en leesbaar en redigeer jou werk.
- Gebruik die kontrolelys om jou te help.

Herinner leerders daaraan dat hul antwoord aan die vereiste van die aantal woorde moet voldoen: vir Graad 7, ’n paragraaf van 100–120 woorde.

## Kontrolelys

Behandel ook die volgende kontrolelys om seker te maak dat leerders dit verstaan en gebruik by die beantwoording van die langvraag. Leerders moet oefen om hulle eie werk te kontroleer voordat hulle dit inhandig vir formele assessering. Die kontrolelys verskyn ook in die novelle sodat leerders dit kan gebruik.

| **Interpretasie van vraag, begrip van inhoud van novelle en motivering** (12 punte) | **Struktuur van antwoord, logika van argument en taalversorging** (8 punte) |
|---|---|
| **Interpretasie van vraag** | **Struktuur van antwoord** |
| Het jy die vraag deeglik gelees en seker gemaak jy verstaan presies wat gevra word? | Het jy jou antwoord deeglik beplan? |
| Het jy sleutelwoorde in die vraag onderstreep om seker te maak jy antwoord wat gevra word? | Het jou antwoord ’n duidelike begin, middel en slot? |
| **Begrip van die novelle se inhoud** | **Logiese vloei van argument** |
| Het jy die novelle deeglik bestudeer en ken jy die inhoud goed? | Is die argument in jou antwoord duidelik en logies? |
| Het jy gaan soek vir die dele uit die verhaal wat van toepassing is op die vraag en dit weer deeglik gelees? | Volg jou argument dieselfde volgorde van gebeure as die novelle? |
| **Motivering van begrip in antwoord** | **Taalversorging en netjies en leesbare werk** |
| Kon jy verbande trek tussen die vraag en die relevante dele in die teks en het jy dit gebruik om jou antwoord te motiveer? | Het jy jou antwoord weer gelees en jou taalgebruik noukeurig versorg? |
| Het jy jou begrip van die novelle gemotiveer met ten minste twee aanhalings uit die teks? | Is die finale weergawe van jou antwoord netjies, leesbaar en gereed vir aanbieding? |

## Rubriek vir assessering van langvraag

Op die volgende bladsye volg ’n rubriek wat gebruik kan word om leerders se antwoorde op die langvraag te assesseer. Die rubriek moet vooraf aan leerders verskaf word en deeglik in die klas behandel word. Leerders moet daarmee vertroud wees en presies verstaan hoe hul antwoorde geassesseer gaan word.

| Rubriek vir assessering van langvraag | | | | [Totaal: 20 punte] |
|---|---|---|---|---|
| **Kodes** | **Punte (12)** | **Interpretasie, inhoud & motivering**<br>• **Interpretasie van vraag**<br>• **Begrip van die novelle se inhoud**<br>• **Motivering van begrip in antwoord**<br>**(12 punte)** | **Punte (8)** | **Struktuur, logika & taalversorging**<br>• **Struktuur van antwoord**<br>• **Logiese vloei van argument**<br>• **Taalversorging en netjiese en leesbare werk**<br>**(8 punte)** |
| **Kode 7**<br>80–100% | **10–12** | • Uitstekende interpretasie van vraag. Leerder het die vraag goed bestudeer en verstaan dit ten volle.<br>• Uitstekende begrip van die verhaal. Leerder kan op uitsonderlike wyse die verhaal op die letterkundige aspekte toepas.<br>• Leerder lê uitstekende verbande tussen dele van die verhaal en motiveer antwoord uitstekend uit die verhaal. | **7–8** | • Uitstekende samehang in antwoord, met 'n indrukwekkende begin, middel en slot.<br>• Argument is uiters logies aangebied en is besonder goed gestruktureer. Dit volg die verhaalgebeure presies en noukeurig.<br>• Uitsonderlike taalversorging; taal is byna foutloos. Die styl en register van aanbieding is indrukwekkend. Die antwoord is uiters netjies aangebied. |
| **Kode 6**<br>70–79% | **9** | • Bogemiddelde interpretasie van vraag. Leerder het die vraag bestudeer en verstaan dit baie goed.<br>• Bogemiddelde begrip van die verhaal. Leerder kan die verhaal baie goed toepas op die letterkundige aspekte wat gevra is.<br>• Leerder lê baie goeie verbande tussen dele van die verhaal en motiveer antwoord goed uit die verhaal. | **6** | • Bogemiddelde samehang in antwoord, met 'n baie goeie begin, middel en slot.<br>• Argument volg 'n goeie logiese struktuur en is goed gestruktureer. Dit volg die verhaalgebeure korrek.<br>• Bogemiddelde taalversorging. Antwoord is in goeie styl en register, byna foutloos en is baie netjies aangebied. |
| **Kode 5**<br>60–69% | **8** | • Goeie interpretasie van vraag. Leerder het die vraag korrek verstaan.<br>• Goeie begrip van die verhaal. Leerder kan die verhaal toepas op die letterkundige aspekte wat gevra is.<br>• Leerder kan goeie verbande lê tussen dele van die verhaal en motiveer die meeste argumente uit die teks. | **5** | • Goeie samehang in antwoord, met 'n goeie begin, middel en slot.<br>• Argument volg meestal 'n logiese struktuur en dit volg die verhaalgebeure meestal korrek.<br>• Goeie taalversorging. Min taalfoute, en goeie styl en register. Die antwoord is afgerond en netjies aangebied. |

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| **Kode 4**<br>50–59% | **6–7** | • Gemiddelde interpretasie van vraag. Leerder het die vraag grotendeels reg verstaan.<br>• Alledaagse begrip van die verhaal. Gemiddelde toepassing van die verhaal op die letterkundige aspekte wat gevra is.<br>• Leerder lê slegs basiese verbande tussen dele van die verhaal. Die antwoord is slegs ten dele gemotiveer uit die verhaal en argumente uit die teks word nie altyd oortuigend gemotiveer nie. | **4** | • Struktuur van antwoord is gemiddeld, met 'n gemiddelde begin, middel en slot.<br>• Argument volg nie altyd 'n logiese struktuur nie en dit is soms moeilik om te volg. Dit volg nie altyd die verhaalgebeure nie.<br>• Gemiddelde taalversorging. Taalfoute kom voor; styl en register is gemiddeld. Die antwoord is basies afgerond en aangebied. |
| **Kode 3**<br>40–49% | **5** | • Ondergemiddelde interpretasie van vraag. Leerder het nie die vraag verstaan nie.<br>• Ondergemiddelde begrip van die verhaal. Leerder sukkel om die verhaal toe te pas op die letterkundige aspekte.<br>• Leerder sukkel om basiese verbande tussen dele van die verhaal te lê. Argumente uit die teks word nie oortuigend gemotiveer nie. | **4** | • Antwoord wys gebreke in beplanning, sonder 'n duidelike begin, middel en slot.<br>• Argument volg nie 'n logiese struktuur nie en is moeilik om te volg. Dit volg nie die verhaalgebeure nie.<br>• Leerder se taalversorging is ondergemiddeld. Baie taalfoute kom voor. Styl en register is nie gepas nie. Die antwoord is onafgerond aangebied. |
| **Kode 2**<br>30–39% | **4** | • Misinterpretasie van vraag. Leerder het nie die vraag verstaan nie.<br>• Swak begrip van die verhaal. Swak / geen toepassing van die verhaal op dit wat gevra is.<br>• Leerder kan baie min verbande lê tussen dele van die verhaal en daar is baie min motivering vir enige argument. | **3** | • Antwoord is swak en daar is geen bewyse van beplanning vir 'n duidelike begin, middel en slot nie.<br>• Argument volg nie logies nie en is moeilik om te volg. Dit volg nie die verhaalgebeure nie.<br>• Taalversorging is swak met baie taalfoute. Styl en register is nie gepas nie. Die antwoord se afronding is swak. |
| **Kode 1**<br>0–29% | **0–3** | • Misgetas. Totale verkeerde interpretasie van vraag wat bewys dat leerder die vraag glad nie verstaan het nie.<br>• Leerder ken nie die verhaal nie. Baie min / geen toepassing van die verhaal op dit wat gevra is nie.<br>• Swak begrip en swak interpretasie van verhaal. Geen relevante motivering uit die verhaal in die antwoord nie. | **0–2** | • Geen struktuur in antwoord nie; min tot geen beplanning sigbaar. Dit is moeilik om die begin, middel en slot te identifiseer.<br>• Argument volg nie logies nie. Die antwoord is deurmekaar aangebied.<br>• Leerder se taalversorging is uiters swak; volop taalfoute. Styl en register totaal onvanpas vir skryfwerk. Antwoord is slordig aangebied. |

## Voorgestelde antwoorde vir Formele assessering 2

### Vraag 1 [20 punte]

Hoofpunte vir die beantwoording van die langvraag:








- ✓ Tema: die tema van die verhaal is die stryd tussen die bose en die goeie. Skets agtergrond.
- ✓ Bose: Silas verteenwoordig die bose (geaardheid, integriteit, gewoontes, droom).
- ✓ Goeie: Brenin verteenwoordig die goeie, met verduidelikings (geaardheid, integriteit, waardes).
- ✓ Die goeie seëvier aan die einde as Silas verslaan word deur Brenin.

### Vraag 2 [20 punte]

Hoofpunte vir die beantwoording van die langvraag:

- ✓ Brenin: Groei as karakter. Goeie karaktertrekke van sy ouma geërf. Integriteit, getrou aan waardes.
- ✓ Karakters wat hom help: Sabriena, Ciska, Aralia, Miriam.
- ✓ Antagonis: sy broer, Silas, wat die bose verteenwoordig. Silas ontvoer meisies en verander hulle trane in edelstene. Silas word deur jaloesie, mag en geld gedryf.
- ✓ Aan einde van die verhaal raak Brenin en Sabriena verlief. Hy het nie 'n behoefte om terug te keer na Turlog nie. Hy het as karakter ontwikkel. Aan die einde van die verhaal staan hy op teen sy bose broer en verslaan hom. Brenin is aan die einde meer selfversekerd en dapper as wat hy aan die begin van die verhaal was en hy het tot groter insig in homself gekom.

## Antwoordgidse vir die volgende novelles is beskikbaar:

| | Graad 7 | Graad 8 | Graad 9 |
|---|---|---|---|
| Afrikaans Huistaal: |  |  |  |
| Afrikaans Eerste Addisionele Taal: |  |  |  |
| Engels Huistaal: |  |  |  |
| Engels Eerste Addisionele Taal: |  |  |  |
| isiXhosa Huistaal: |  |  |  |




OXFORD
UNIVERSITY PRESS

www.oxford.co.za

PROUD SHAREHOLDER
THE MANDELA RHODES FOUNDATION

ISBN 978 0 199 05687 3

SOUTHERN AFRICA